saam-praat-papier 13 Mei 2012

# Bid in die Naam van Jesus

*Joh 15:16*

***16** Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra. **17** Dit beveel Ek julle: Julle moet mekaar liefhê! (Nuwe vertaling)*

***Julle het Mý nie gekies nie. Dit was Ek wat julle gekies het. En Ek het julle met 'n doel gekies: julle moet vrugbare lewens vir God gaan leef. Ja, julle moet 'n permanente verskil in hierdie wêreld gaan maak. Vra God om julle daarmee te help en Hy sal dit doen. Onthou wat die verskil maak: julle moet mekaar liefhê (Uit Boodskap)***



Gebed gebeur in Jesus se Naam. Wanneer ons in Christus se Naam bid kan ons verwag om genade te ontvang en die hemelse deure swaai vir ons oop. Om in Jesus se Naam te bid beteken onder andere:

- Jesus is die Brug en Brugbouer na God toe
- Op grond van Jesus se lewe en sterwe (verdienste) hoor God ons elke keer
- Jesus tree vir ons in (Hy wat ons hele lewe ken: ons pyn, seer, stryd, behoeftes ens)

## Saam-praat

1 Watter *sekerheid* hou hierdie verse vir jou in ?

2 Wat is die *groot saak* waarvoor ons altyd met oortuiging en absolute sekerheid van gebedsverhoring kan bid ?

3 Watter verskil maak dit om te *bid in Jesus se Naam* ?

4 Wat wil *jul as groep* vir die Here vra ?
- Ten opsigte van jul verhouding met God
- Ten opsigte van jul verhouding van mekaar
- Ten opsigte van jul uitreik na buite
- 
- 

5 Wat wil *jy* die graagste nou vir die Vader vra ?
- ten opsigte van vrugdra en jou persoonlike toewyding aan die Here
- jou gesin
- jou werk